Nuusbrief 17/2018 16 Augustus 2018

POSVLAK 1-OPVOEDERS

SAOU POD SIMPOSIUM – #TOEKOMSGEREED!

Is jy 'n Posvlak 1-opvoeder met meer as 3 jaar ondervinding? Voel jy soms dat jou passie verflou en jou beker al leër raak? Die toekoms is nie meer so ooglopend rooskleurig nie?

Kom kuier saam met ons by die SAOU se Professionele Ontwikkelingsdienste (POD)-Simposium op Saterdag, 20 Oktober by Union Caterers in Lynnwood. Geniet die kwinkslae van die immergewilde dr Gillian Arendse wat al die pad van die Kaap af vlieg om ons bekers te kom vul. Ons verwelkom ook vir Carla de Beer wat ons regskenner is van internet en sosiale media, Marna Jordaan van Afrikaans Hoër Meisieskool en ook ons eie Rose-Anne Lyon. Meneer Andrew Taylor is nie net 'n suksesvolle skoolhoof nie, maar is ook in 2017 met die Nelson Mandela Lewenslange Prestasie- toekenning by die Nasionale Onderwys Toekennings vereer en kom deel sy wyshede en geheime met ons.

Moenie hierdie unieke saam-wees-oggend misloop nie. Spring gou – daar is slegs 200 plekke beskikbaar!

Klik hier om te registreer
Klik hier vir die program

KOMMER OOR OMVATTENDE SEKSUALITEITSONDERRIG (CSE)

Die SAOU het die afgelope tyd toenemende navrae ontvang rakende die voorgestelde Omvattende Seksualiteitsonderrig (Comprehensive Sexuality Education (CSE) program in

skole. Die SAOU is uiters bekommerd oor 'n aantal aspekte soos gemeenskapsvoorkeure en-afkeure, ouderdoms- en geloofsensitiwiteit. Dit het onder ons aandag gekom dat een van die hoofdoelwitte is om leerderswangerskappe (± 21,000 pj) in primêre en sekondêre skole te verminder. Dit is egter op hierdie stadium baie moeilik om kommentaar te lewer aangesien die inhoud van die kurrikulum nog nie bekend gemaak is aan die betrokke partye nie. Die SAOU sal egter deurgaans betrokke wees en lede op hoogte hou van die jongste verwikkelinge.

Die DBO het die sperdatum vir geskrewe kommentaar op die nasionale beleid oor die voorkoming en bestuur van leerlingswangerskappe in skole tot einde Julie verleng. Alhoewel dié beleid oënskynlik net handel oor die voorkoming en bestuur van leerlingswangerskappe, bind dit skole tot die onderrig van die nuwe voorgestelde, omvattende seksualiteitsopvoeding as deel van die KABV-verklaring. Die DBO voer aan dat die doel van die beoogde omvattende seksualiteitsopvoeding is onder meer om jong mense te leer om respek vir mekaar te hê en gesonde keuses oor seksualiteit te maak. Met die voorgestelde beleid poog hul ook om die hoë MIV-syfer en hoë getalle van tienerswangerskappe in Suid-Afrika aan te spreek.

Klik hier vir die DBE Draft National Policy On The Prevention And Management Of Learner Pregnancy In Schools

---

SENIORFASE PROMOSIEVEREISTES

Na afloop van die vereiste konsultasieproses, het die DBO verlede week bekend gemaak dat die bestaande progressie- en promosievereistes, soos uiteengesit in die Nasionale Kurrikulum Beleidsverklaring Graad R-12 (Staatkoerant 34600, Kennisgewings 722 and 723 of 12 September 2011), steeds vir 2018 van toepassing is. Die wysigings soos in Omsendskrywe Nr 3 van 2015 en Nr 3 van 2016 is ook steeds van toepassing.

Huidige Promosievereistes van toepassing:
Voldoen aan die bevorderingsvereistes in agt (8) van die vakke, mits die skoolgebaseerde assesseringskomponent van die negende vak afgehandel is:

- 50% in een taal op Huistaalvlak;
- 40% in die tweede vereiste amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak.
- 40% in Suid-Afrikaanse Gebaretaal op Huistaalvlak),indien geneem deur dowe leerders in plaas van 'n amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak;
- 40% in Wiskunde (verpligtend);
- 40% in enige drie (3) van die ander vereiste vakke; en
- 30% in enige twee (2) van die ander vakke.
- Dowe leerders, wat nie Suid-Afrikaanse Gebaretaal op Huistaalvlak neem nie, mag 30% in een van die twee vereiste amptelike tale verwerf.

KABV KURRIKULUM VOORGESTELDE VERANDERINGE

Na herhaalde klagtes vanuit onderwysgeledere oor die oormatige lading ten opsigte van die kurrikuluminhoud asook die aantal voorgeskrewe SBA-take het verskeie rolspelers bymekaar gekom om voorgestelde veranderinge aan Hoofstuk 4 van die KABV-kurrikulum te bespreek. Die voorgestelde veranderinge is op 19 Julie 2018 aan die Komitee van Onderwysministers voorgelê vir goedkeuring. Daar word tans gewag op die uitreiking van die amptelike inligting vanaf die Departement van Basiese Onderwys vir publieke kommentaar.

Hiermee 'n ernstige pleidooi: Daar gaan slegs 21 dae vir publieke kommentaarlewering gegun word – om 'n verskil te maak om die onderhandelingstafel, word elke SAOU lid se inset dringend benodig. Hou asseblief kommunikasie van die SAOU dop rakende hierdie kwessie wat ons nie sonder u hulp kan aanspreek nie.

Enige navrae/kommentaar kan aan Adel Jacobs by adelj@saou.co.za gestuur word.

GESKIEDENIS AS VERPLIGTE VAK

Op 25 Julie het die SAOU die kwartaallikse kurrikulumvergaderings by die Departement van Basiese Onderwys bygewoon. Twee belangrike kwessies wat tydens die Onderwysers-ontwikkeling Kurrikulumbestuur en die Nasionale Assesseringskomiteevergaderings bespreek is, is die kwessies rakende Lewensoriëntering en Geskiedenis in die VOO-fase. Die aanbevelings wat voorheen deur twee ministeriële taakspanne ontvang is, is bespreek. Die vergadering het die belangrikheid van Lewensoriëntering as 'n essensiële deel van 'n leerder se opvoeding bevestig. Leerders, as hoof van huishoudings, sowel as ander leerders, is uiters kwesbaar en benodig lewensvaardighede om hul veranderende en uitdagende omgewing te hanteer om sodoende die regte besluite te neem. Die belangrikheid van Lewensoriëntering om 10 krediete te verdien as deel van die NSS-vereiste, is ook bevestig. Die konsensus van hierdie vergadering was dat Lewensoriëntering tot graad 12 moet bly.

Die Ministeriële Taakspan oor Geskiedenis het egter die afronding van Lewensoriëntering en die infasering van Geskiedenis as 'n verpligte vak in 2023-2025 aanbeveel. Die aanbeveling sou wees dat Geskiedenis 'n verpligte vak tot graad 12 word, wat tot verhoogde kontaktyd, van 27.5 uur tot 29.5 uur per week, sal lei. Die voltooiing van die Nasionale Senior Sertifikaat benodig 130 krediete. Die uitfasering van Lewensoriëntering en akkumulasie van 130 krediete sal dus in effek 'n probleem skep. Die belangrikheid van Geskiedenis kan nie ontken word nie, aangesien dit 'n belangrike rol speel in nasiebou. Die verryking van die huidige KABV Geskiedeniskurrikulum ten opsigte van dekolonisasie is erken.

Die huidige situasie van teenstrydige aanbevelings noodsaak ons om u insette te vra oor die aangeleentheid aangesien dit ons lede wesenlik beïnvloed. Die SAOU versoek u dringende aandag, aangesien 'n finale antwoord op 30 September 2018 by die Departement van Basiese Onderwys ingedien moet word.

Kommentaar/insette kan aan Johann Güldenpfennig by johanng@saou.co.za gestuur word.

SAOU ONAFHANKLIKE SKOLE INISIATIEF

KEUSE is 'n kenmerk van 'n werklik demokratiese samelewing. Die reg om te kies, laat ouers toe om te besluit oor die soort opvoeding wat hulle vir hul kinders wil hê en dit laat opvoeders toe om die soort instansie waarin hulle verkies om hul beroep te beoefen, te kies.

Die onafhanklike skoolsektor het die afgelope paar jaar dramaties in Suid-Afrika gegroei. Ons ledetal in hierdie sektor groei ook goed. Almal het egter dieselfde doel in gedagte: Die lewering van 'n topkwaliteit-onderwys met 'n spesifieke fokus vir die leerder wat die skool bywoon en die ouers wat betaal om hulle daar te hou.

Die bestuur en aanbieding van ‘n spesifieke visie en missie kan soms meer uitdagend wees as oorspronklik voorgestel.

Om dié rede bied die SAOU in die tweede semester 'n 2-uur lange seminaar aan vir die bestuurspanne van onafhanklike skole. Die seminaar sal die kernprobleme van volhoubare groei wat noodsaaklik is vir die ontluikende onafhanklike skool aanspreek onder die hoofde:
Strategiese Beplanning; en
Risikobestuur.

NASIONALE VROUEMAAND

Gelukkige Vrouemaand elke kosbare vrou in Suid-Afrika!

Die SAOU stuur vir jou 'n ruiker propvol liefde, lewenslus, positiwiteit, vreugde, inspirasie en die mooiste glimlaggies met hope takkies Jesusgenade tussenin want vroue is so spesiaal en JY is een uit ‘n miljoen VROU!

Mag hierdie Augustusmaand spesiaal gevul wees met baie liefde en genade.

Die vrou is die sout van die aarde,
Die suurdeeug, beskou op die keper:
Al hoër rys sy in waarde:

t: 012 436 0900 | 086 072 6843 f: 012 348 9658 e: saou@saou.co.za w: www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
REG NO: LR2/6/2/531

Sy is beide die sout en ... die peper!
Wie ter wêreld verstaan ooit die vrou,
En wie sal haar geheimenis weet?
Haar verjaarsdae moet jy onthou,
Maar haar ouderdom moet jy vergeet!

- A.G. Visser -

Newsletter 17/2018 16 August 2018

POST LEVEL 1 EDUCATORS

SAOU PDS SYMPOSIUM – #FUTUREREADY!

Are you a Post level 1 educator with more than 3 years' experience? Do you sometimes feel that your passion is no longer your passion, that your cup is getting emptier and that the future is not that inviting anymore?

Come and join us at the SAOU's Prefessional Development Services (PDS) Symposium on Saturday, 20 October at Union Caterers in Lynnwood. Enjoy the humour of the popular Dr Gillian Arendse who is joining us all the way from the Cape to replenish our cups. We also welcome Carla de Beer, our law expert in the field of the internet and social media, Marna Jordaan principal of Afrikaans Hoër Meisieskool and our very own Rose-Anne Lyon. Mr Andrew Taylor who is not only a successful principal, and received the Nelson Mandela Lifetime Achievement Award at the 2017 National Teaching Awards, will also be joining us to share his wisdom and secrets.

Do not miss this one-of-a-kind morning. Register now – there are only 200 places available!

Click here to register
Click here to see the programme

CONCERN ABOUT THE PROPOSED CSE POLICY

Recently, the SAOU received a number of enquiries in regard to the proposed Comprehensive Sexuality Education (CSE) programme in public schools. The SAOU is very concerned about a

number of aspects including community preferences and denouncements, sensitivity around age and religion. It has come to our attention that one of the DBE's main objectives is to curb the prevalence of learner pregnancies (±21,000 pa) in primary and secondary schools. It is however, difficult to comment at this stage because the content of the document has not yet been shared with all relevant parties. The SAOU will endeavour to ensure participation and will keep members abreast of unfolding developments.

Like several other role-players, the SAOU insisted on a fair consultation process regarding the curriculum and is currently in contact with the Department of Basic Education on the matter. A further plea from the SAOU is that communities be allowed to apply this policy at their own discretion.

The DBE extended the date for public comment on The Prevention and Management of Learner Pregnancy in Schools Policy to the end of July. Even though this policy is apparently about the handling and management of teenage pregnancies in schools, it does however commit schools to teaching the new proposed comprehensive sexuality education program as part of the CAPS statement. According to the DBE the aim of this is to teach learners to respect each other and make good decisions in regard to sexuality. With this they also attempt to address the high HIV numbers and rising numbers of teenage pregnancies in South Africa.

Click here to read the DBE Draft National Policy on The Prevention and Management of Learner Pregnancy in Schools

---

PROMOTION REQUIREMENTS IN THE SENIOR PHASE

After the completion of the required consultation process, DBE decided that the current promotion requirement should be retained, but would be reviewed again in the future.

The progression and promotion criteria that will apply are those that were published as part of the National Curriculum Statement, Grades R-12 which was approved as National Policy and published in the Government Gazette 34600, Notices 722 and 723 of 12 September 2011.

The requirements as stated in, Circular No. 3 of 2015 and Circular No. 3 of 2016 will still apply.

Current Promotion Requirements:
Satisfy the promotion requirements in eight (8) of the subjects, provided the School-Based Assessment component of the ninth subject has been completed:

- 50% in one language at Home Language level;
- 40% in the second required official language at First Additional Language level.
- 40% in South African Sign Language at Home Language level), if offered by Deaf learners in lieu of an official language at First Additional Language level;

- 40% in Mathematics (compulsory);
- 40% in any three (3) of the other required subjects; and
- 30% in any two (2) of the other subjects.
- Deaf learners, who do not offer South African Sign Language at Home Language level, may obtain 30% in one of the two required official languages.

PROPOSED CAPS CURRICULUM CHANGES

After countless complaints from key role players in education, several role players met to discuss possible amendments to Chapter 4 of the CAPS Curriculum Statement. This was done in an attempt to address the overload of the prescribed content prescribed as well as the number of SBA tasks required. According to the planning framework rolled out by the Department of Basic Education these proposed amendments were scheduled for publication on 10 July, but were only presented to the CEM committee on 19 July.

Currently, we are still awaiting an official announcement from the DBE, but once those documents are published for public comment **we only have 21 days to comment** and we will need your input. **Please keep an eye out for communication related to this issue as we cannot address this without you. Help us, help you!**

Contact Adel Jacobs by adelj@saou.co.za if you have any queries of comments.

HISTORY AS COMPULSORY SUBJECT

On the 25th of July the SAOU attended the quarterly curriculum meeting held under the auspices of the Department of Basic Education. The joint Teacher Development Curriculum Management and National Education Assessment Committee meetings dealt with two very current and important issues relating to Life Orientation and History in the FET phase. The recommendations previously received by two Ministerial Task Teams, were discussed.

The meeting confirmed the importance of Life Orientation as a vital part of a learner's education. Learners, who are heads of households, as well as other learners, are extremely vulnerable and need life skills to cope with their changing and challenging environment and continuously endeavour to make the right decisions. The importance of Life Orientation in accruing 10 credits as part of the NSC requirement was also confirmed. The consensus of this meeting was that Life Orientation must remain up to Grade 12.

However, the Ministerial Task team on History recommended the phasing out of Life Orientation and phasing in of History as a compulsory subject in 2023 - 2025. The recommendation would be that History will become a compulsory subject up to Grade 12

which will result in increased notional time from 27.5 hours to 29.5 hours per week. The fulfilment of the National Senior Certificate requires 130 credits. The phasing out of Life Orientation will in effect create a problem in accumulating the 130 credits. The importance of History cannot be denied as it plays a significant role in nation building. The enrichment of the current CAPS History curriculum towards decolonisation was acknowledged.

This current situation of contradicting recommendations urges us to call for your input on the matter as it effects our members. The SAOU requests your urgent attention to this very important issue as a final response must be submitted on 30 September 2018 to the Department of Basic Education.

Comments and input can be sent to Johann Güldenpfennig at johanng@saou.co.za

---

SAOU INDEPENDENT SCHOOLS INITIATIVE

CHOICE is a characteristic of any truly democratic society. The right to choose allows parents to decide upon the kind of education they want their children to have and it allows educators to choose the kind of institution in which they prefer to practise their profession.

The independent school sector has grown dramatically in South Africa over the past several years. Our membership in this sector is also growing at a healthy rate. The newly established Independent Schools typically range from small to medium in size. All, however, have the same aim in mind: The delivery of a top quality education with a specific focus for the learner who attends the school and the parents who pay to keep them there.

Managing the offered vision and mission can sometimes prove more challenging than originally imagined.

For that reason the SAOU is offering a 2-hour seminar for management teams of independent schools during the second semester. The seminar will address the seminal issues of sustainable growth essential to the burgeoning Independent School under the headings:
Strategic Planning; and
Risk Management.

NATIONAL WOMEN'S MONTH

Happy Women's month to every special woman in South Africa!
The SAOU would like to send you a bouquet filled with love, energy, positivity, joy, inspiration and the most beautiful smiles with a touch of Jesus' twigs of grace. You are so special and a one-in-a million ... woman!

A beautiful woman draws strength from troubles, smiles during distress and grows stronger with prayers & hope. Wishing you a very happy women's month!

I Am Every Woman

A woman is beauty innate,
A symbol of power and strength.
She puts her life at stake,
She's real, she's not fake!

The summer of life she's ready to see in spring.
She says, "Spring will come again, my dear.
Let me care for the ones who're near."
She's The Woman - she has no fear!

Strong is she in her faith and beliefs.
"Persistence is the key to everything," says she.
Despite the sighs and groans and moans,
She's strong in her faith, firm in her belief!

She's a lioness; don't mess with her.
She'll not spare you if you're a prankster.
Don't ever try to saw her pride, her self-respect.
She knows how to thaw you, saw you - so beware!

She's today's woman. Today's woman, dear.
Love her, respect her, keep her near...

- Rakhi Nariani -